

Steek èrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Onthou om te onthou en wat om te vergeet

Skriflesing: Psalm 103

Broodjies vir die pad

“The time is ripe for looking back over the day, the week, the year, and trying to figure out where we have come from and where we are going to, for sifting through the things we have done and the things we have left undone for a clue to who we are and who, for better or worse, we are becoming. But again and again we avoid the long thoughts.... We cling to the present out of wariness of the past. And why not, after all? We get confused. We need such escape as we can find. But there is a deeper need yet, I think, and that is the need—not all the time, surely, but from time to time—to enter that still room within us all where the past lives on as a part of the present, where the dead are alive again, where we are most alive ourselves to turnings and to where our journeys have brought us. The name of the room is Remember—the room where with patience, with charity, with quietness of heart, we remember consciously to remember the lives we have lived.”

— Frederick Buechner, *A Room Called Remember: Uncollected Pieces*

Frederick Buechner is a highly influential writer and theologian who has won awards for his poetry, short stories, novels and theological writings. His work pioneered the genre of spiritual memoir, laying the groundwork for writers such as Anne Lamott, Rob Bell and Lauren Winner.

His first book, *A Long Day's Dying*, was published to acclaim just two years after he graduated from Princeton. He entered Union Theological Seminary in 1954 where he studied under renowned theologians that included Reinhold Niebuhr, Paul Tillich, and James Muilenberg. In 1955, his short story "The Tiger" which had been published in the *New Yorker* won the O. Henry Prize.

After seminary he spent nine years at Phillips Exeter Academy, establishing a religion department and teaching courses in both religion and English. Among his students was the future author, John Irving. In 1969 he gave the Noble Lectures at Harvard. He presented a theological autobiography on a day in his life, which was published as *The Alphabet of Grace*.

In the years that followed he began publishing more novels, including the Pulitzer Prize finalist *Godric*. At the same time, he was also writing a series of spiritual autobiographies. A central theme in his theological writing is looking for God in the everyday, listening and paying attention, to hear God speak to people through their personal lives.

https://www.goodreads.com/author/show/19982.Frederick_Buechner

ALTER EGO

Die trappe na die solder kan my nou nog verruk. Waar rakke raaisels uit kindsdae span en die smal, helder luik aan die ver ent se guillotine soms val dat vere uit die skemer sak, en die skrik

als 'n oomblik laat skarrel, het ek weer gestaan: geboë. Ou deure waardeur niemand stap en verroeste rame wat nie sluit of klap nie het eenkant gelê, kettings, reistasse wat verweer

in die geheue. Van nêrens het 'n bries gepluk deur 'n jeugboek. By 'n vuurhoutjie se flenterlig staar 'n skadu-gesig, vol skynroet, armoedig

na my terug uit 'n óú spieël, halfvergete.

'Die solder spook,' het Ma gesê. Ek moes so terugkeer na onder, 'n half-swarthe, vanuit die gewete.

Charl-Pierre Naudé

Charl-Pierre Naudé. *Die nomadiese oomblik*. Kaapstad: Tafelberg, 1995

“The only thing more painful than being an active forgetter is to be an inert rememberer.”

— Jonathan Safran Foer, *Everything Is Illuminated*

As siel van die allergewoonste helder skitter

Wilhelm Jordaan

Verlede week het ek 'n vir tweede keer Helen Martins se Uilhuis-museum op Nieu-Bethesda besoek.

En, soos met die eerste keer, het die trane spontaan gekom, oorrompel deur die tuinbeelde na diere en mense wat saam na die Ooste uitreik; standbeelde in beweging na die Lig – vir my 'n kragtige metafoor van 'n Hoër Orde wat jou onweerstaanbaar aantrek.

Juis omdat Martins haar van die destydse verstikkende Christelike gemeenskap se vooroordeel afgesonder en toegewy het aan “haar Mekka”, het baie mense haar beelde verstaan as 'n uitdagende vereenselwiging met die Islamitiese geloof. Die eintlike waarheid, soos die dramaturg Athol Fugard dit toon in sy *The Road to Mecca*, is dat die Uilhuis eerder 'n feesviering van Martins se vryheidsdrif is – as vrou, bevry van patriargale bagasie, én vry om na eie keuse en universeel spiritueel te wees.

Vandag nog is “spiritualiteit”, soos Martins dit verstaan het, 'n nagmerrie vir sommige godsdienstige mense.

Eensyds omdat hulle dit verwar met spiritisme, en andersyds omdat hulle reken spiritualiteit is “duiwels” of “heidens”. Baie mense se keuse van spiritualiteit het te doen met hul belewenis van verstarring in godsdienstigheid. Hulle beleef dit as kerklike “muggiesiftery” wat jou goed en soet moet hou, maar dit vervul hulle nie met 'n diep lewensblydskap nie. Wat hulle ten diepste begeer, is 'n bietjie meer mistiek en verwondering en minder voorsê-geloof.

Die ironie is dat spiritualiteit of mistiek, soos Martins dit beoefen het, 'n ou tradisie in die Christendom is. Bekende

kerkfigure soos Thomas Aquinas, Franciskus van Assisi en Meister Eckhart is voorbeelde van mistici. Jesus self was 'n mistikus, soos dit onder meer blyk uit die omstrede “evangelie” van Thomas wat nie deur die kerk erken word nie.

Een rede waarom die mistieke tradisie getaan het, was dat die vroeë georganiseerde kerk gereken het sekere mistiese praktyke as die “goeie orde” en “kerkregtelikheid” aan en dat die eie spirituele ervaring belangriker kan word as die onderskrywing van kerklike leerstellings. Dieselfde houding geld vandag nog.

Die herontwaking van mistiek is egter onstuitbaar. Die Katolieke teoloog Karl Rahner se siening oor die toekoms van die Christendom is klinkklaar: óf die mistiek óf niks.

Hedendaags preek al hoe meer predikante van 'n teologie van verwondering en ontvouende misterie wat spirituele herontwaking voed in dié sin dat dit mense bewus maak van 'n onverkende en ongeleefde “kern” van hul mensheid.

Daarom praat mense wat iets van dié “kern” ervaar dikwels van buitengewone belewenisse: verligting, heling, blydschap, oorgawe aan liefde en deernis en 'n ervaring van eenheid met alles en 'n omhelsing van die ganse kosmos.

Wat dan gebeur, is dat die siel van die allergeewoonste dinge helder skitter. Juis dít is die siel van Helen Martins se blywende skittering.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/as-siel-van-die-allergeewoonste-helder-skitter-20200908>

“The living owe it to those who no longer can speak to tell their story for them.”

— Czesław Miłosz, *The Issa Valley*

“Human beings do terrible things to each other and the tragic thing about it all is the way the remembrance of past hurt can rob us of our future and become the narrative of our lives.”

— Richard Holloway, *On Forgiveness: How Can We Forgive the Unforgiveable*

In this inspiring work, Richard Holloway tackles the great theme of forgiveness. It is a subject that he explores in the widest context but underpinning this examination is his belief that religion has given us many of the best stories and metaphors for the act. He proceeds to relate forgiveness to such events as September 11th, the Truth Commission in South Africa, and the ongoing conflicts in Palestine/Israel, Northern Ireland and Serbia. *On Forgiveness* is a discourse on how forgiveness works, where it came from and how the need to embrace it is greater than ever if we are to free ourselves from the binds of the past. Drawing on philosophers and writers of the caliber of George Steiner, Frederick Nietzsche, Jacques Derrida, Hannah Arendt, and Nelson Mandela, Holloway has written another fascinating and timely book.

https://www.goodreads.com/book/show/492881.On_Forgiveness

“The disadvantage of men not knowing the past is that they do not know the present.”

— G.K. Chesterton

“People tend to see only the stubble fields of transitoriness but overlook and forget the full granaries of the past into which they have brought the harvest of their lives: the deeds done, the loves loved, and last but not least, the sufferings they have gone through with courage and dignity.”

— Viktor E. Frankl, *Man's Search for Meaning*

Brood vir die pad

Taal is inderdaad uniek

Pieter van der Westhuizen

Wat Danie Strauss in die aangehaalde stuk in verlede week se “Broodjies” oor die uniekheid van taal sê, is net 'n deel van die storie. Wat hy ons daar vertel is net 'n blik op die mens se unieke fisiologiese bou wat die voortbring van 'n groot aantal spraakklanke moontlik maak. Om egter met taal te kommunikeer moet daar ook in elke spreker binne 'n bepaalde sprekergroep se brein konseptuele strukture wees wat deur die aanhoor en herkenning van die klanke in spraakstrome geaktiveer en verstaan word. Ons deel as sprekers binne 'n bepaalde taalgroep 'n aantal gemeenskaplike of konvensionele betekenis, wat ons vir ander sprekers waarneembaar maak deur die uitspraak van klankkombinasies wat volgens konvensies in die betrokke sprekergroep saamgestel word. Produseer 'n spreker byvoorbeeld met sy/haar “spraakorgane” die fisiek-waarneembare klankkombinasie /koppie/ verstaan die hoorder dat daar na 'n spesifieke klas vloeistofhouer verwys word.

Menslike taal is egter nie net los woorde nie, maar bestaan uit verskillende ander “komponente” wat help om die woorde in sinne te verbind en om die uiting ook aan dinge soos tyd, moontlikheid/waarskynlikheid te verbind. Die vorming van die woorde self geskied volgens konvensies of reëls wat implisiet deur die sprekers en hoorders in 'n spesifieke taalgroep “geken” en toegepas word. Alhoewel al hierdie goed deel is van die produksie en interpretasie van elke taaluiting as iets wat bliksemsnel en amper outomaties gebeur wanneer mense kommunikeer, is die enigste moontlike manier om meer daarvan te begryp en te beskryf die opbreek van die verskynsel in sy onderskeie samestellende onderdele.

Hierdie “opbreek in komponente” ken ons o.a. as grammatikas, waarvan daar binne die terrein van die taalwetenskap verskillende tipes bestaan. Party bestaan in die vorm van hipoteses met voorspellende eienskappe (Generatiewe grammatikas); ander is blote taksonomieë gegrond op groot korpusse van voorbeelde, ens. Daar is ook teksgrammatikas en geordende beskrywings van variasies binne elke taal: horisontaal (dialekties) en vertikaal (registers of kringtale), ens.

Wat ek kortliks hier bo so kort as moontlik en so eenvoudig moontlik probeer skets, is hoe kompleks hierdie unieke menslike eienskap is. As iemand weer met jou praat oor “dieretaal” onthou net dat diere wel, soos Danie Strauss in sy skrywe verduidelik, maniere het om te kommunikeer, maar dat daar binne hierdie kommunikasie altyd net 'n een-tot-een verhouding is tussen uiting en betekenis. Bye, ape en dolfyne, byvoorbeeld, maak nie gebruik van verskynsels soos sarkasme, ironie, metonimia, sinekdogee, metaforiek, samegestelde sinne en al daardie dinge waarmee die taalonderwysers die leerders op skool besig hou nie. Luister maar so fyn as wat jy wil, jy sal nooit in jou leeftyd 'n hommelby kry wat sy boodskap sarkasties uitdans, of die brandwagbobbejaan wat die trop met sy waarskuwingskreet teen 'n luiperd waarsku en dan, as hulle groot skrik, uitbars van die lag en “grappie” sê nie.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877